
My kreatiewe



# BYBEL JOERNAAL

Genesis 1-18

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van ‘n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op ‘n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- ‘n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie Bybelstudie?

Dag 1 : God se Skeppingswerk (1)

Dag 2 : God se Skeppingswerk (2)

Dag 3 : Die mens in die Tuin (1)

Dag 4 : Die mens in die Tuin (2)

Dag 5 : Kain en Abel

Dag 6 : Kain se nageslag

Dag 7 : Adam tot Noag

Dag 8 : Reuse en die Sondvloed

Dag 9 : Noag en die Groot Vloed

Dag 10 : Die Einde van die Groot Vloed

Dag 11 : God sluit ‘n Verbond met Noag

Dag 12 : Noag se Wingerd en Sy Nageslg

Dag 13 : Babel se Toring

Dag 14 : Abram word geroep

Dag 15 : Abram en Lot gaan uitmekaar

Dag 16 : Abram, Lot en Melgisedek

Dag 17 : Abram en die verbond

Dag 18 : Abram, Sarai en Hagar

Dag 19 : Die Verbondsteken

Dag 20 : Abram se drie besoekers

# Dag 1: God se Skeppingswerk (1)

Wanneer jy Bybel lees, kies jy om te stop met alles anders waarmee jy besig is.
Sit op 'n stil plek, lekker gemaklik met jou skryfbehoeftes by jou.
Stel jou nou in dat jy met God se Woord besig gaan word.
Besef dat God weet van jou en dat Hy Homself deur Sy Woord aan jou bekend wil maak.

*Hou jy daarvan om met jou hande iets te maak? Vertel wat.*



1. Omdat jy God se kind is, bly Heilige Gees binne-in jou hart. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn soos wat jy deur jou Bybel lees.

2. Lees **Genesis 1:1-25** hardop en met aandag deur. Lees rustig deur die verse en leef jou lekker in die gebeure rondom die skeppingsverhaal in. Verbeel jou jy sien hoe God met Sy Hande elke natuurelement vorm.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan vanuit die teksgedeelte.

4. Skryf 'n sin of twee neer wat jou aandag trek.

______________________________________________

______________________________________________

5. Voltooi die sinne:

**Ek wonder** ______________________________________________

______________________________________________

Ek het vir die eerste keer agtergekom dat ___________________________

_________________________________________________________________

**Het jy al ooit iets geverf, gebak of gebou en dan op die einde teruggestaan, daarna gekyk en gedink: "Sjoe, dis darem oulik!" Ander kere kon jy dalk erken: "Ai tog, dit was 'n totale flop, maar dit was 'n goeie probeerslag en leerskool vir my gewees!"**

6. God het lig (**v3**), grond (**v.10**), groen plante (**v.12**), hemelligte (**v.16-18**) en verskillende diere (**v.20-25**) geskep en elke keer het Hy teruggestaan en daarna gekyk en gesien dat dit wat Hy geskep het _______________ is. God hou van alles wat Hy geskep het, daarom het Hy dit op die einde **geseën** (**vers 22**).

Om iets/iemand te **seën** beteken om net die beste wense vir daardie persoon toe te wens. Dit beteken ook dat jy glo en bid dat God die persoon sal beskerm en dat Sy guns en teenwoordigheid saam met die persoon sal beweeg. Seën kan ook beteken dat jy met die beste bedoeling, iemand sterkte toewens.

Het iemand jou al geseën? ___________ (dink aan spesiale dae in jou lewe).

Hoe het dit jou laat voel? _____________________________________________

7. Elke keer wanneer God iets gesê het, het dit _______________ (kyk na woorde wat herhaal in **verse 7, 9,11, 15, 24** se einde).

**Hierdie is 'n waarheid oor God wat vir ewig en altyd vasstaan.**



8. Lees **Jesaja 55:11**. Skryf in jou eie woorde wat hierdie vers vir jou sê.

_________________________________________________________________


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | **Jesaja** | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Dink daaraan hoe die aarde sonder diere sou wees ... jy sou nie 'n troeteldier hê nie! Of sonder voëls wat sing en die lug versier? Dink daaraan as daar nie bome of enige plante was nie, hoe sou dit jou lewe beïnvloed? Sê vir God dankie dat Hy alles in die Skepping met soveel Liefde en sorg gemaak het.

# Dag 2: God se Skeppingswerk (2)

Om tyd te kry om stil te word en Bybel te lees is nie altyd maklik nie. Meeste van die tyd voel alles anders altyd belangriker! Ons woon in 'n wêreld met baie geraas (televisieklanke, selfoon geluide, mense se gesels en musiek wat speel). Daarom is dit nodig om **tyd te maak** om jou Bybel te lees en **stil te word by Jesus**. Deur tyd saam met iemand deur te bring, help om daardie **persoon beter te leer ken**.
Dit is dieselfde met jou verhouding met **Jesus**.


*Sê nou jy word gekies om te heers as die koning/in van 'n land, watter karaktereienskappe sal jy graag wil hê om 'n goeie heerser oor jou mense te wees?*



1. Draai na Heilige Gees in gebed en vra Hom om jou te lei en leer terwyl jy uit die Woord lees.

2. Lees **Genesis 1:26- 2:4a** aandagtig deur. Dink jou lekker in die gebeure soos wat jy deur die verse lees. Verbeel jou hoe God praat en wat elke keer daarna gebeur. Hy skep deur Sy Woorde!

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan of nuut is vanuit die teksgedeelte.



4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat met jou hart praat.


5. Voltooi die sin: **Nadat ek hierdie Bybelverse gelees het, glo ek God wil vir my sê dat** ________________________________________________

________________________________________________________

6. Lees weer **vers 26**. Na wie dink jy verwys God as Hy elke keer na 'ons' verwys?

___________________________________ (**2 Korintiërs 13:13** kan help).

7. Verduidelik in jou eie woorde, wat jy verstaan in elk van die volgende woorde.




| | |
|---|---|
| **Verteenwoordiger (v26)** | |
| **Heers (V.26)** | |
| **Gerus (V.2)** | |
| **Geheilig (v.3)** | |

Wanneer jy vanuit klei 'n diertjie wil vorm (bv. 'n hondjie), sal jy jou bes probeer om jou klei-diertjie so na as moontlik in die vorm van 'n lewendige hondjie te maak. Die klei en ware skepsel moet darem so min of meer dieselfde ooreenkomste hê. Dieselfde word bedoel in vers 27 waar God sê dat Hy jou "as beeld van Hom" geskep het. Jy 'lyk soos' of 'stem ooreen' met die vorm van hoe God lyk. God sê dit van geen ander skepsel nie.

8. Lees **vers 31** se eerste sin en skryf die afleiding wat jy daaruit kan maak in jou eie woorde neer.

________________________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | 2 Korintiërs | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. God gee 'n paar opdragte aan die mense nadat Hy hom geskep het. Lees **vers 28** weer en bid hierdie vers terug tot God. Vra Hom om in gehoorsaamheid so te lewe. (om **vrugbaar** te wees in als wat jy doen/jou gebied te bewoon en op te pas/met jou hele hart te werk waar Hy jou plaas/verantwoordelik te **heers** oor Sy skepping.)

# Dag 3: Die mens in die tuin (1)

Wanneer jy tyd afstaan om stil te word met jou Bybel, leer jy jou hart en gedagtes om vir God te onthou. Om so Sy teenwoordigheid te soek en daarin te wees, kan vergelyk word om by iemand te kuier vir wie jy baie lief is, soos bv. jou ouma. Dis somtyds net lekker om by so iemand te sit (te wees), al gesels julle nie eens veel woorde nie.



Van watter werkies hou jy om te doen?

1. Vra vir Heilige Gees om vir jou die Woorde te verduidelik soos jy deur die verse lees. Jy kan Hom ook vra vir insig en dat Hy dieper waarhede vir jou in hierdie verse sal oopmaak/wys.

2. Lees **Genesis 2:4b-25.** Jy kan die verse hardop vir jouself lees en as jy 'n selfoon het, dit opneem en weer terugspeel sodat jy jou stem kan hoor. Dink oor die woorde soos jy daardeur lees. Bou vir jou 'n prentjie in jou verbeelding.

3. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat jou aandag trek.

4. Is daar 'n vraag wat jy vir God sou wou vra nadat jy die verse gelees het? Skryf dit neer (jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

5. Teken enige vers/e vanuit die teksgedeelte hier onder in die blok met byskrifte.

6. Lees weer **vers 7** en beskryf in jou eie woorde **hoe** en **uit wat** jy gevorm is deur God.

7. God het die mooiste tuin, Eden, aangelê, sodat Hy die mens daarin kon laat bly (**vers 8**). In hierdie tuin het God pragtige bome laat opkom wat lekker vrugte gedra het. **God gee van die begin af baie om vir die mens, Sy bedoeling is altyd goed vir Sy kinders.** Toe laat woon God die mens in hierdie mooi tuin om hoofsaaklik twee dinge daar te doen. Noem dit in jou eie woorde (**vers 15**).

8. Wat dink jy is die hoofdoel dat God die skeppingsverhaal in die Bybel gesit het?

9. Het jy iets nuuts geleer of van bewus geword vanuit hierdie verse vandag?

Jy kan maklik agterkom wat die **gesindheid van iemand se hart is**, deur na die persoon se **woorde** te luister en na sy **optrede** te kyk. Mense wat slegte planne het, praat gewoonlik van al hul slinkse en duistere gedagtes en dan tree hulle net so op.

10. Hoe kan jy **God se hart** beskryf vanuit Sy woorde en optrede in **vers 18**?

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Obadja | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

11. Sluit af deur vir God te loof omdat Hy jou met soveel sorg en liefde geskep het.

# Dag 4: Die mens in die tuin (2)

Wanneer jy tyd afstaan om stil te word by God en jou Bybel te lees, leer jy jouself om God se Stem te herken. Hoe meer tyd jy saam met iemand deurbring, hoe beter sal jy daardie persoon leer ken...net so met jou tyd by God!



Kan jy sê jy hoor God se Stem? Hoe ervaar jy dit?

1. Vertel vir Heilige Gees dat jy Sy hulp nou nodig gaan kry met die lees van jou Bybel. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak in gebed, sodat Hy varsheid kan gee aan die verse wat jy nou gaan lees.

2. Lees **Genesis 3:1-23** hardop en nadenkend deur. Stop gereeld en dink oor die verse. Dink aan vrae waaroor jy wonder, of verse wat vir die eerste keer jou hart aanraak.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan vanuit die teksgedeelte.

4. Skryf 'n sin of twee neer wat jou aandag trek.

______________________________________________


______________________________________________

______________________________________________

5. Ek wonder ______________________________________________

______________________________________________

6. Lees **Johannes 8:44**. Hier vertel Jesus vir die mense wie satan/duiwel werklik is en hoe hy te werk gaan. Beskryf 'n paar kenmerke vanuit hiedie verse van **wie** satan is en (**hoe** of soos wie) Jesus sê hy altyd **optree**.



| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

6. Ek verstaan nie hoekom _______________________________________

_____________________________________________________________

7. Ek het vir die eerste keer agtergekom dat ________________________

_____________________________________________________________


Nadat Adam en Eva gesondig het, het hulle **skaam gekry** en **weggekruip** vir God. Weet jy dat jy nogsteeds geneig is om somtyds dieselfde te doen? Dink maar daaraan hoe jy voel as jy weet jy't iets gedoen waarteen jou ouers jou gewaarsku het om nie te doen nie. Wanneer jy dit dan wel gedoen het (ongehoorsaam was), hou jy jou maar sku, omdat jy weet jou optrede was verkeerd en dat jy moontlik 'n straf te wagte kan wees!

**Sonde** laat mens wegkruip as gevolg van 'n **skuldgevoel** oor dit wat jy aangevang het. **Maar God kom in Sy Liefde en soek weer die mens**: "Waar is jy?", roep Hy na Adam en Eva (vers 9).

Dit is God se begeerte dat jy na Hom toe sal gaan as jy iets verkeerds aangevang het. Vertel Hom, sê vir Hom jy is jammer en moet dit dan nie weer doen nie.

8. Wat dink jy wil God vir jou deur hierdie verse sê?

_____________________________________________________________



| Bybelboek Ontdekking | 1 Johannes | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Lees **I Johannes 1:9** en skryf dit in jou eie woorde op die lyn. Sê vir God dankie dat Hy belowe om jou sonde te vergewe wanneer jy dit bely.

_____________________________________________________________

# Dag 5: Kain en Abel

Wanneer jy stilword en tyd saam met God spandeer, leer jy om op Hom te wag. God is nie soos 'n mens nie, Hy kommunikeer ook nie altyd met jou soos wat mense met mekaar gesels nie. Om in die Bybel te lees, leer ken ons Sy karakter en manier van praat. Omdat mense meestal te haastig is, mis hulle dit wanneer God met hulle wil praat.



*Het jy al nee gesê vir iets wat jy weet verkeerd is (het jy al 'geheers' oor sonde)? Vertel kortliks daarvan.*

1. Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Hom om jou die verse te verduidelik wat jy nou gaan lees.

2. Lees **Genesis 4:1-16** rustig deur. Dalk ken jy al hierdie storie. Dalk is daar iets nuuts wat by jou opkom soos jy vandag daardeur lees. Stel jou oop vir nuwe waarhede wat Heilige Gees net aan jou hart wil uitwys.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog vang.

4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

5. Is daar iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra? Skryf dit op die lyn.

6. Voltooi die tabel vanuit inligting uit **verse 2-5**.

| | Kain | Abel |
|---|---|---|
| Tipe boer | | |
| Tipe offer | | |
| Offer aanvaar? | | |
| Optrede na die offer. | | |

7. Teken 'n prent met byskrifte oor enige iets vanuit die verse wat jy vandag gelees het.

8. Nadat ek hierdie Bybelverse gelees het, glo ek God wil vir my sê dat...

____________________________________________________________

____________________________________________________________

| Bybelboek Ontdekking | Klaagliedere | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Lees **Jesaja 43:25** en verander dit in 'n gebed tot God.


Sê vir God dankie dat jy na Hom toe kan gaan wanneer jy iets verkeerds gedoen het. Sê ook vir Hom dankie dat Hy jou getrou vergewe en nooit weer aan jou sonde dink nie.

# Dag 6: Kain se nageslag

Om 'n klein rukkie stil te word deur die dag en dan jou gedagtes na God te draai, sal maak dat jy Hom herken in jou werk. God wil hê dat ons Hom ken in alles wat ons doen. Dit kan so eenvoudig wees, soos om in jou gedagtes net met Hom te gesels tewyl jy besig is met jou skoolwerk, of sport of sommer net as jy buite speel en die mooi wolke of koel wind voel – sê vir Hom dankie dat jy kan sien en kan hoor.
Dit is vir God lekker wanneer ons Hom insluit en ken in ons dag se dinge!

*Watter talent sal jy sê, het jy oorgeërf van jou pa of ma of dalk van 'n oupa of ouma?*






1. Vra Heilige Gees se hulp soos wat jy nou gaan lees uit die Bybel.

2. Lees **Genesis 4:17-26** hardop en aandagtig deur. Dink ook elke vers soos wat jy daardeur lees.

**<u>Familiegeskiedenis in 'n stamboom</u>**

**Jou familiestorie begin met jou stamboom (wat jy self kan teken). In hierdie stamboomtekening kan mens gewoonlik sien wie jou ouers en ouma en oupa is. Jy kan ook aanteken wie jou boeties en sussies is. 'n Stamboom kan ook interessante inligting bevat oor karaktereienskappe of talente wat oorgedra word van een genarasie na 'n volgende. Dink daaraan dat jy moontlik musikaal kan wees. Daar is 'n groot moontlikheid dat iemand in jou familie ook musikaal was. Of dalk is jy 'n goeie jagter wat kolskote skiet, wat 'n kenmerk aan die een kant van jou familie is. Dalk skep jy moeiteloos en kreatief met jou hande (houtwerk/naaldwerk/kunstigheid) wat ook oorgeërf is van vorige familielede.**

3. Vul jou familiestamboom in met name.








4. Lees **vers 20-22** weer. Hier sien ons "stamvaders" met spesifiek genoemde talente/gawes. Kan jy die familietalente herken? Skryf 'n paar neer.

5. Is daar iets waaroor jy wonder vanuit die skrifgedeelte? Skryf dit neer.

6. Kan jy die stamboom van Adam en Eva voltooi tot **vers 26**?



7. Soek en lees **Genesis 49:8-12** . Hier lees jy 'n **profesie** (iets wat vooruit vertel word deur iemand, onder leiding/met die hulp van Heilige Gees in die persoon). Hy vertel dat daar 'iemand' uit die **stam** (familie) **van Juda** eendag sal regeer. Mense al voor Hom buig (**v.8**) en Hy sal aanhou/vir ewig Heers (**v.10**) as Koning (**v.11**). Hierdie is 'n verwysing na **Jesus** wat in die Nuwe Testament sou kom, om vir altyd as **ons Koning en Verlosser te regeer**. Jy kan Jesus se familie stamboom in **Lukas 3:23-38** lees (dalk wil jy dit agteruit lees en by Adam begin! 😊).

God het 'n plan met elke mens se lewe en daarom plaas Hy ons in families, met spesifieke talente en gawes, om Sy naam daardeur te Verheerlik. Hy het vooruit geweet en beplan om jou te laat grootword tussen jou ouers. Sy plan vir jou lewe is groot en lankal al deur Hom vasgestel. Glo jy dit ?

8. Wat dink jy wil God vir jou sê uit vandag se tyd saam met Hom?

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Markus | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Lees **Jeremia 29:11** en voltooi die sin: God beplan vir my

# Dag 7: Adam tot Noag

Jou Bybelstudietyd kan 'n spesiale tyd word waarbinne jy God beter leer ken. Nie net leer jy jou Bybel beter ken nie, maar jy beoefen ook om God se stem te herken. Toe Jesus op aarde was, het Hy gereeld tyd eenkant gesit om met Sy Vader deur te bring in gebed. Jesus wys en is vir jou die perfekte voorbeeld van 'n kind van God se leefwyse.



Hoe oud is jy in jare en maande?

1. Soek en lees **Johannes 14:26.** Hier vertel Jesus aan sy dissipels dat Hy nie meer vir lank by hulle sal wees nie (omdat Jesus nie lank daarna nie, gekruisig sou word). Hy vertel hulle dat Sy Vader vir Heilige Gees na hulle toe sal stuur. Hy leer hulle, dat Heilige Gees hulle met twee dinge sal help. Kan jy dit raaklees? Maak die antwoord op jouself van toepassing.

Heilige Gees sal my ___________________________ en my __________________________ wat Jesus in die Woord vir my geleer het.

2. Lees **Genesis 5:1-32**. Hier is nou 'n klomp inligting en groot getalle, maar hou moed! God het nie verniet hierdie inligting in Sy Woord geplaas nie.



3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou interessant is.

4. Ek wonder ____________________________________________

____________________________________________

5. Lees **vers 1** weer en verklaar hierdie vers oor jouself. Skryf dit in die blok hieronder in mooi gekleurde letters wat jy kan versier. Onthou dit!

**God het my gemaak as ________________________________**

6. Soek die woorde wat herhaal in **vers 22 en 24** en skryf dit neer. Hierdie is die beskrywing van **hoe Henog gelewe het**.

**Henog het ______________________________**


7. Wat verstaan jy onder Henog se leefwyse soos jy dit hier bo beskryf het. Hoe lyk so lewe: " 'n lewe naby God"?

______________________________________________

8. Wat dink jy wil God vir jou wys of leer uit Genesis 5 vandag?

______________________________________________

9. Voltooi die stamboom van Noag se seuns se name (**vers 32**).




| **Bybelboek Ontdekking** | **Deuteronomium** | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

10. Sluit af deur vir God in 'n kort gebed te vra of Hy jou sal help om ook naby aan Hom te leef.

______________________________________________

# Dag 8: Reuse en die Sondvloed

Om gereeld stil te word en 'n tydjie af te knyp om saam met God te spandeer, kan jou help om meer ingestel te wees op God se werking in jou en ander mense se lewens. God werk elke dag in Sy kinders se lewens. Hy stuur 'n mooi sonsopkoms vir ons. Hy laat blomme blom vir ons om te geniet. Partykeer waarsku Hy ons om iets nie te doen nie en ander kere plaas Hy die begeerte in ons hart om iemand te bel of vir iemand te bid wat deur 'n moeilike tyd gaan. Hoe meer ons tyd met Hom deurbring, hoe makliker sal ons Sy manier van kommunikasie herken.



Was jy al ooit **spyt** oor iets wat jy aangevang het? Vertel.

1. Vra vir Heilige Gees om jou van iets nuuts in die Woord bewus te maak soos wat jy deur die verse gaan lees.

2. Lees **Genesis 6:1-22** rustig deur met aandag. Moenie te vinnig lees nie. Stop en dink oor 'n vers as dit vir jou interessant is.



3. Voltooi: **Ek wonder** ________________________________________________

________________________________________________________________

4. Skryf 'n paar redes neer waarom Noag deur God gespaar/uitgekies was (**vers 9**).

________________________________________________________________

5. Wanneer jy op 'n moeilike woord/sin afkom, kan dit help om sinonieme vir die woord neer te skryf sodat die betekenis daarvan vir jou duideliker kan word.

| | Sinonieme / verduideliking in jou eie woorde |
|---|---|
| Verdorwenheid (v.5) | |

| | |
|---|---|
| Bedroef (v.6) | |
| Grief (v.6) | |
| Begenadig (v.8) | |
| Regverdig (v.9) | |
| Onberispelik (v.9) | |
| Korrup (v.11) | |
| Verrot (v.12) | |
| Verdelg (v.13) | |
| Omkom (v.17) | |
| Verbond (v.18) | |

6. Jy is 'n argitek en word gevra om die ark se planne te teken (met byskrifte). Gebruik die inligting wat God vir Noag gegee het in **verse 14-16** vir jou skets.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Jakobus | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Lees **vers 22** en verander dit in 'n gebed tot God.

Vra vir God om jou te help om soos Noag, **presies alles te doen soos Hy jou beveel.**

# Dag 9: Noag en die groot vloed


Wanneer jy besluit om tyd eenkant te sit om aan God te spandeer, sal dit goed wees om 'n stil plekkie te identifiseer sonder dinge wat jou aandag kan aftrek. Word rustig. Jy kan dalk jou oë vir 'n klein rukkie toemaak en bewus word daarvan dat jy by God sit... en Hy by jou...



*Hou jy daarvan as dit reën? Hoekom?*

1. Vra Heilige Gees vir leiding terwyl jy nou deur die Bybelverse gaan lees.

2. Lees **Genesis 7:1-24** aandagtig deur. Stop en oordink oor 'n vers as dit jou aandag trek.



3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog opval.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

4. Ek wonder ________________________________________________

_____________________________________________________________

5. Ek kom vir die eerste keer agter dat ___________________________

_____________________________________________________________

6. Ek dink God wil my hieruit leer dat___________________________

_____________________________________________________________

| Bybelboek Ontdekking | 2 Kronieke | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

7. Lees **2 Kronieke 16:9** en skryf in jou eie woorde wat hierdie vers sê.

___

8. Lees nou weer **Genesis 7:1(b – die laaste sin van die vers).** Hier sien ons dat God oor die aarde gekyk het en vir Noag **raakgesien** het. Hoe laat dit jou voel om te weet God kyk ook na jou as Sy oë oor die aarde beweeg?

___

9. Teken enige van die diere wat in die ark was. Sit byskrifte by as jy graag wil.

10. Lees **vers 5** en skryf 'n karaktereienskap van Noag neer wat jy hieruit kan aflei.

___

11. Vul die getalle in:

| | |
|---|---|
| Dit het soveel dae en nagte lank gereën | |
| Noag was so oud toe die vloed begin het | |
| Die water het die aarde soveel dae oorstroom | |

12. Sluit af deur vir God te loof (of dankie te sê) vir iets waardevol in jou lewe.

# Dag 10: Die einde van die Groot Vloed

Wanneer jy tyd maak om stil te word saam met God en Sy Woord, sal jy agterkom dat jou gedagtes partykeer sommer baie besig is aan die begin. Dis asof jy nou alles onthou wat jy nog moet doen en nie kan konsentreer om jou Bybel te lees nie! Dit is normaal. Skryf op 'n papiertjie dit wat jy moet onthou en word dan rustig. Hierdie is jou tyd met God en as jy klaar is, kan jy weer al jou aandag aan ander dinge gee.



*Waaraan dink jy op die oomblik die meeste?*

1. Onthou om Heilige Gees deel te maak van jou Bybelleestyd. Hy wil jou graag leer en seker dele van die Skrif uitwys soos jy deur die Woord beweeg. Draai na Hom in 'n kort gebed en nooi Hom uit...

2. Lees **Genesis 8:1-22** aandagtig deur. Dis die mooiste storie van wat als gebeur het nadat die vloedwaters die aarde oorstroom het.



3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

4. Is daar iets wat jy vir God sou wou vra nadat jy hierdie stuk gelees het?

5. Vertel in jou eie woorde wat God vir Noag gesê het toe die aarde droog was (**v.14-17**).

6. Wat kom jy agter en is vir jou mooi van **God se hart teenoor mense én teenoor diere** as jy die eerste gedeelte van **vers 1** lees?

---

Het jy geweet dat **God gedurig aan jou dink**?
**Psalm 139:17** sê dat God se gedagtes oor jou wonderlik is!
Dink hieroor: God dink aanhoudend net die mooiste dinge van jou.

7. Voltooi die tabel met inligting vanuit **vers 6 tot 12**.

| Tydsverloop | Wat het Noag losgelaat? | Wat het die voël gedoen? | Wat het Noag gedoen/besef/geweet? |
|---|---|---|---|
| 40 dae na ark te lande kom op Araratberge (v.6) | | | |
| (v.8) | | | |
| 7 dae na die eerste duif se loslating | | | |
| 7 dae na die tweede duif se loslating | | | |



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Psalms | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

8. Die eerste ding wat Noag gedoen het nadat hy uit die ark geklim het, was om 'n altaar te bou waarop Hy vir God 'n offer gebring het. In die ou Testament is altare gebou wanneer God se kinders met Hom wou kommunikeer (vir Hom wou aanbid om byvoorbeeld dankie sê vir iets). Noag het die vloed oorleef, en God het als wat Hy gesê het, gedoen. Noag is nou baie dankbaar en bring 'n offer vir God.

God aanvaar die offer (**v.21**), en antwoord Noag deur te bevestig dat Hy nooit weer 'n vloed oor die aarde sal bring nie.

Vandag bou ons nie meer altare nie, maar kan ons net in gebed na God draai en vir Hom dankie sê. Sê nou vir Hom dankie vir iets in jou eie lewe.

# Dag 11: God sluit 'n Verbond met Noag

Jou daaglikse lewe kan propvol geraas en besige verantwoordelikhede wees. Dis al hierdie 'besigheid' wat dit gewoonlik vir ons moeilik maak om Heilige Gees se Stem te herken. Alhoewel Hy ook deur die gedruis van die dag met jou kan gesels, is dit makliker om te begin om tyd te maak en stil te word, op 'n plekkie eenkant en Hom te soek deur Bybel te lees en te bid. Deur te leer om Heilige Gees in stilte te hoor praat (soos wanneer jy stil word met Sy Woord), sal jou ook Sy Stem in die besiger tye leer herken.



*Wie dink jy het die Bybel geskryf?*

1. Die Bybel is geskryf deur ongeveer 40 verskillende persone. Al hierdie persone was ***gevul*** en ***geïnspireer deur Heilige Gees*** om alles neer te skryf wat in God se hart vir Sy kinders is. Tot vandag toe, het die Bybel behoue gebly (dit alleen is 'n wonderwerk), sodat elkeen van God se kinders nogsteeds daaruit kan lees. Omdat jy nou weet dat Heilige Gees betrokke was met die skryf van die Bybel, vra Hom nou om jou ook by te staan soos wat jy verder deur Genesis lees.

2. Lees **Genesis 9:1-18** rustig en aandagtig deur. Dit sal help as jy hardop die hoofstuk vir iemand kan lees.

3. Lees weer **vers 2**. In God se seën wat Hy oor sy kinders uitspreek, vertel Hy hulle dat al die voëls en diere op aarde vir die mens 2 dinge sal doen. Noem dit.

Dis oulik en dis vandag nog waar! Dink net hoe skrik 'n vis vir jou as jy nader aan sy bak kom, of hoe 'n voëltjie wegfladder as jy jou hande klap!

4. Skryf iets neer wat vir jou interessant was vanuit die teksgedeelte.

5. Watter vers laat jou wonder oor iets? Skryf die vers en dit waaroor jy wonder neer.

______________________________________________________________

6. Die laaste gedeelte van **vers 6** bevat 'n kosbare waarheid oor ons as mense. Maak hierdie vers op jouself van toepassing en verklaar dit in die blok.

Dit kan iets wees soos: Ek (jou naam) is aangestel deur God om Hom te verteenwoordig op aarde.

Het jy al 'n belofte gemaak teenoor iemand en dit toe dalk verbreek? Of dalk was jy getrou aan jou woord en het jy dit wat jy belowe het, wel gedoen. Dis 'n baie mooi karaktereienskap om bekend te wees daarvoor dat jy jou beloftes nakom. Dis hoekom dit beter is om nie sommer net hier en daar beloftes aan ander te maak, wat jy dalk nie kan hou nie.

7. In **vers 11** lees ons dat God 'n **'verbond'** met die mens sluit/maak. Weet jy wat 'n **verbond** is? ____________ God het 'n wettige <u>ooreenkoms</u>, soos 'n baie belangrike, groot en vaste <u>belofte</u> met Noag en sy seuns gemaak. Wat meer is, is dat God Noag-hulle verseker dat Hy Sy belofte sal hou, vir ewig en altyd!

8. Teken **die teken/bewys van God se Verbond** hieronder.

In **vers 13** lees ons dat God sê, dat die reënboog Syne is. Hy sê: **My reënboog** het ek in die wolke geplaas.

Hy sê ook dat elke keer wanneer Hy die reënboog sien, Hy aan Sy verbond (vaste belofte) met die aarde sal dink.

Sal jy volgende keer as jy die reënboog in die wolke sien, onthou dat God dan aan jou en alles om jou dink?

9. Sluit af deur vir God dankie te sê dat Hy die mooiste teken in die wolke geplaas plaas om te onthou van Sy ewige vaste belofte aan almal op aarde!

# Dag 12: Noag se wingerd en nageslag

Hoe meer gereeld jy stilword met jou Bybel en die teenwoordigheid van Heilige Gees daarbinne verwelkom, hoe meer gaan jy agterkom dat die tye al lekkerder word saam met Hom. Dis soos om by jou ouma of iemand waarvoor jy baie lief is te gaan kuier. Partykeer wil jy mos sommer net by hulle wees, sonder 'n spesifieke rede, jy wil net by hulle wees. Dis dieselfde met jou tyd saam met God. Jy sal agterkom dat jou stiltetyd saam met Hom 'n kosbare plek van ontmoeting word, wat jou hart vul met liefde en vrede!

*Wat inspireer jou baie? Byvoorbeeld: wat gee jou nuwe kreatiewe idees om goeters te bou, speletjies uit te dink of interessante dinge te ontwerp?*



1. Soek **2 Timoteus 3:16-17** in jou Bybel op en lees die twee verse. Hierdie vers is gepak met waardevolle inligting, maar kom ons fokus op die eerste gedeelte. Hier sien ons dat God self die Bybel **geïnspireer** het. **Inspireer** beteken om '**kreatief te skep**' of '**in te asem**'. God het Sy Gees (Heilige Gees) in mense 'ingeblaas' om hulle te help om die woorde van die Bybel neer te skryf. Die Woorde wat hulle geskryf het was kreatief deur God vir hulle gegee, so asof hulle die teenwoordigheid van God (Heilige Gees se teenwoordigheid) ingeasem het en toe met Sy hulp neergeskryf het wat hulle van Hom hoor. Vandag het ons die Bybel, geskryf vanuit God se hart. Kan jy sien hoekom Heilige Gees nodig is wanneer jy jou Bybel lees? Hy ken die hele Bybel uit Sy kop en kan jou enige tyd help as jy vashaak.

2. Lees **Genesis 9:20-29** hardop en nadenkend deur.

3. Hoe oud was Noag toe hy gestef het? ______________________________

4. Ek wonder ________________________________________________

________________________________________________________

5. Watter beroep sal jy graag eendag wil hê (wat sal jy wil word as jy grootword)?

____________________________________________________

Ons lees in **Gen 9:20** raak wat Noag se beroep was.



Noag was 'n __________________

6. Lees nou ook deur **Genesis 10:1 tot 32.** Dis weer 'n beskrywing van al Sem, Gam en Jafet (Noag se 3 seuns) se nageslagte. Moenie moed verloor nie, dis belangrik, anders sou God dit nie in die Bybel vir ons gesit het nie. Kan jy al daardie mense se name uitspreek?! 😊

Elke mens is vir God belangrik. God se kinders het ook mekaar nodig. In die Nuwe Testament word God se kinders vergelyk met 'n liggaam. Jy het mos bene, arms, oë, ingewande en al die verskillende dele van jou lyf wat jou aanmekaar hou. Net so het God Sy kerk gemaak. Nie 'n gebou nie, maar Sy kinders wat bymekaarkom. Net soos jou vinger nodig is om jou te krap as jy êrens jeuk, so het jou been die voet nodig om behoorlik vas te trap as jy wil spring. God vergelyk Sy kinders met hierdie voorbeeld; dat ons elkeen 'n ander 'liggaamsdeel' uitmaak van Sy kerkliggaam. Daarom hoef jy nooit jaloers te wees op iemand andes nie, want hoe kan jou 'oor' nou jaloers wees op jou 'knie'!? Nee, elke persoon is geskape deur God, met spesifieke eienskappe wat uniek en nodig is vir iemand anders. So help God se kinders mekaar en vorm ons 'n eenheid (kerkliggaam) afgesonder tot God se eer.

☐ Lees **1 Korintiërs 12:12-31** wanneer jy 'n tydjie het.

7. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê uit die teksverse vanuit Genesis vandag?

____________________________________________________

____________________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Judas | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

8. Lees **Psalm 139:14** en verander hierdie vers in 'n kort gebed waarin jy God loof.


____________________________________________________

____________________________________________________

____________________________________________________

# Dag 13: Babel se Toring

Onthou dat die tyd wat jy afstaan om by God stil te word, amper is soos klein stukkies goud wat jy in 'n bank sit. Die tyd is waardevol en kosbaar in God se oë. In hierdie tyd wat jy na Hom draai om meer van Hom te leer, sal jy agterkom dat God baie groot is. Daarom moet ons respek vir Hom hê wanneer ons by Hom stilword. Dink daaraan dat Hy die Koning van die Heelal is en verbeel jou jy gaan sit voor Sy troon om naby aan Hom te wees en hierdeur Sy liefde te ervaar.



1. Hoeveel verskillende tale kan jy praat?
2. Watter taal wens jy kon jy lekker vlot praat?

1. Vra vir Heilige Gees om jou nou by te staan soos wat jy verder deur Genesis lees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom wyd oopmaak, sodat Hy Sy lig van insig (verstaan) in jou hart kan skyn.

2. Lees **Genesis 11:1-32** deur terwyl jy vir jouself 'n lekker prentjie opbou van alles wat hier gebeur. Die eerste nege verse vertel 'n mooi verhaal. Daarna kom daar weer nageslagte, maar hou uit! Onthou, geen inligting is verniet in die Bybel deur God gesit nie!



3. Skryf woorde neer wat jou oog vang vanuit die teksgedeelte.



4. Watter sleutelwoord herhaal in **vers 4**? ________________

Hierdie klomp mense het net oor hulleself gepraat en heeltyd aan hulleself gedink. Hulle het glad nie eens aan God gedink nie. Hulle het Hom nie deel gemaak van hulle planne of Sy raad gevra nie!

5. Teken die mense wat besig is om die Toring van Babel te bou met byskrifte.



6. Verduidelik in jou eie woorde waarom die mense van Babel opgehou het om hulle toring te bou.

____________________________________________________________________

____________________________________________________________________

7. Ek wonder ______________________________________________________


____________________________________________________________________

8. Ek kom vir die eerste keer agter dat__________________________________

____________________________________________________________________

9. Volg die nageslagte van Adam tot Abram






10. Sluit af deur vir God dankie te sê vir jou plek in jou gesin.

Onthou dat God jou spesiaal uitgekies het, met 'n groot rede

om te bly en groot te word, presies waar jy vandag is. Glo jy dit?

# Dag 14: Abram word geroep deur God

Jy kan gedurig deur die dag (en nag as jy nie kan slaap nie) aan God dink. Maak 'n gewoonte daarvan om vir Hom klein gebedjies 'op te stuur'. Soos wanneer jy wonder oor iets – vra Hom wat Hy dink… en wag op Hom om jou te antwoord. Partykeer hoor jy Sy Stem in jou gedagtes ander kere kry jy jou antwoord deur iemand wat iets sê of terwyl jy Bybellees. Jy kan selfs vir Heilige Gees vra om jou leiding te gee wanneer iets van jou wegraak en jy daarna soek – vra vir Hom waar dit is waarna jy soek – Hy plaas net 'n idee in jou gedagtes van waar jy die verlore item sal vind!



Waar sal jy wil gaan bly as jy moet wegtrek van julle huis af?

1. Nooi Heilige Gees uit in 'n kort gebed om nou saam met jou Bybelstudie te doen.

2. Lees **Genesis 12:1-20** rustig deur. Onthou terwyl jy so deur die storie van Abram lees, dat alhoewel dit soos 'n verhaal klink, dit alles regtig plaasgevind het.

3. Was daar iets wat vir jou nuut was vanuit die skrifgedeelte waardeur jy gelees het, wat jy nie voorheen geweet het nie?

______________________________________________

______________________________________________



4. Skryf 'n paar woorde vanuit die hoofstuk wat jou oog vang.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

5. Tussen al die mense op die aarde het **God vir Abram uitgekies** en vir Hom 'n opdrag gegee. Skryf **God se opdrag aan Abram** in jou eie woorde neer (**vers 1**).

6. Was jy al ongehoorsaam? Vertel van 'n keer en die uiteinde/gevolg daarvan.

Wanneer ons God se Stem hoor, vra Hy van ons om **gehoorsaam** te wees. **God praat nie net om gehoor te word nie, Hy praat dat Hy gehoorsaam sal wees.** Wanneer Hy byvoorbeeld in jou hart vir jou 'n maat uitwys en vir jou sag in jou hart sê om by hom/haar te gaan sit – sal jy gehoorsaam wees? Of dalk het jy 'n leuen vir iemand vertel of saam met 'n klompie maats geskinder oor iemand anders? As jy in jou gedagtes hoor om dit nie meer te doen nie, gaan jy dadelik gehoorsaam wees en stop met jou verkeerde gedrag?

6. Hoe het Abram opgetree nadat God vir Hom die opdrag gegee het? (**vers 4**)

7. Hoekom dink jy het Abram vir God 'n altaar gebou (**vers 7**)

8. Wat verbaas jou oor Abram se optrede in Egipte? Wat sou jy anders doen?V.11-13

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Rigters | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir God te vra om jou te help om **gehoorsaam te wees aan Sy stem**.

Dag 15: 

# Abram en Lot se paaie skei

Die manier waarop God met jou praat kan baie spontaan wees. Dit beteken dat Hy baie eenvoudig vir jou iets in jou gedagtes kan plaas, so amper dat jy kan dink jy't dit self uitgedink! God kan ook met 'n hoorbare stem praat, dis nie onmoontlik nie. 'n Hele klomp mense in die Bybel het Sy stem so ervaar. Ander kere kan God met jou gesels deur ander mense. Hulle kan vir jou antwoorde bring waaroor jy gewonder het – sonder dat hulle dit eens self besef!



*Baklei jy en jou boeties of sussies partykeer? Waaroor kan julle twis?*

1. Vra vir Heilige Gees om deel te wees van jou Bybelleestyd.

2. Lees **Genesis 13:1-18** rustig en hardop deur vir jouself of iemand in die huis as jy kan.

3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

4. Omkring woorde wat vir jou belangrik is en, volgens jou, die kernboodskap van die stuk uitlig. As daar ander woorde is wat nie in jou sinne is nie, skryf dit in die blokkies.




Wanneer jy 'n kind van God is, behoort jou optrede en manier van leef, 'n voorbeeld vir ander mense te wees, dat jy God se hart dra en Sy karakterseienskappe uitleef. Abram was bekommerd dat die ander mense in die land (wat God nie liefgehad het nie), hulle slegte voorbeeld van stryery sou raaksien. Abram het geweet dat 'n getwis onder mekaar, nie God se hart van vrede en liefde weerspieël of verteenwoordig nie.

5. Is daar van jou optrede waaraan jy kan dink wat dalk nie **God se Karakter van Liefde** verteenwoordig nie? Noem dit.

Bv. Kompeterend, vergelyk jouself met ander, twyfel baie, vertel leuens, skinder saam, trotsheid, selfsugtig, onvergewensgesind, gee altyd ander skuld, jaloesie, rebelsheid, ongehoorsaam, woede, luiheid, veroordelend.

7. **Vers 10** vertel dat Lot kon kies waarheen hy wou wegtrek. Eers het hy rondgekyk en daarna het hy besluit. Beskryf die gedeelte van die Jordaanstreek wat hy uitgekies het.

8. Lees die 2 Skrifgedeeltes en beskryf in jou eie woorde wat dit vir jou sê.



| | |
|---|---|
| **1 Korintiërs 10:24** | |
| **Filippense 2:3-4** | |

9. Abram het vir Lot die keuse gegee en toe kies hy die beste landstreek vir homself. Nadat Lot weggetrek het, kom God na Abram toe en verseker Hy hom dat Hy by hom is en hom sal seën. God verseker vir Abram dat, al het Lot die beter landstreek gekies, Hy vir hom sal sorg en dat 'waar Abram ook al rondtrek', God self die gebied vir hom sal gee as eiendom.

God se hart is vandag nog dieselfde. Selfs al kry jy nie altyd 'die beste deel' nie, sal Hy jou seën en bystaan as jy soos Abram op Hom bly vertrou.

10. Wat dink jy wil God vir jou uit hierdie storie van Abram en Lot leer?





| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | **Filippense** | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

11. Sluit af deur vir God te vra om jou te help om Sy karaktereienskappe te weerspieël.

# Dag 16: Abram, Lot en Melgisedek

'n Mens se gedagtes kan van drie verskillende plekke afkomstig wees. Partykeer dink jy sommer self aan iets bv. ek wil nou my troeteldier gaan versorg. Jou gedagtes kan ook van God af kom, deurdat Heilige Gees saggies vir jou iets sê. God sal altyd vir jou 'n positiewe, opbouende gedagte gee wat in lyn is met Sy Woord en jou met vrede en rustigheid vul. Hierdie is ook een van die belangrikste redes hoekom jy die Bybel meer moet lees – dan sal jy God se manier van praat duideliker herken. Gedagtes kan ook van die vyand kom. Hierdie gedagtes sal altyd negatief of vol druk en spanning wees. Dit sal jou sonder vrede en rus laat.



*Van watter snoepkos hou jy?*

1. Vra vir Heilige Gees om deel te wees van jou Bybelleestyd.

2. Lees **Genesis 14:1-24** met aandag deur. Sien hoe die verhaal afspeel in jou gedagtes.

3. Is daar iets wat jy vir die eerste keer raakgelees het, wat vir jou nuut was?

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________



4. Voltooi die sin:

**Ek wonder** ________________________________________________

________________________________________________________

5. In **vers 17** lees ons dat Abram teruggekom het van sy oorwinning na die oorlog. Melgisedek (v.18) het toe vir hom kos en wyn gevat en hom geseën (mooi wense toegewens). Wat het Abram hierna, as reaksie, gedoen teenoor Melgisedek?

________________________________________________ (v.20 einde)

Abram was dankbaar vir wat die Koning van Salem (wat Koning van vrede beteken) vir hom gegee het. Uit dankbaarheid het Abram 'n tiende van **al sy besittings** aan die koning gegee. Dis 'n vreeslike vrygewige hart wat so iets sal doen, maar ook 'n vreeslike dankbare hart!

6. Lees **Psalm 50:10-12** en skryf in jou eie woorde wat jy hieruit verstaan.

**God sê dat** ____________________________________________

Dit is die begeerte van God se hart dat Sy kinders vrygewige harte sal hê. Dit is partykeer moeilik om van jou sakgeld of spaargeld weg te gee. Het jy dit al gedoen? Dis nie maklik om te besef dat wanneer jy baie hard gewerk het vir iets en toe geld verdien het daarvoor, dit dan net moet weggee vir iemand nie. Maar God vra van ons om Sy hart te dra en vrygewig te wees. Alles op aarde behoort inelkgeval aan Hom. En as jy van jou besittings (of tyd) aan ander mense afstaan, sal Hy dit raaksien en jou beloon.

7. Lees **2 Korintiërs 9:7** en verduidelik in jou eie woorde wat jy hieruit leer.

__________________________________________________________

__________________________________________________________

8. Wat het die meeste vir jou uitgestaan uit vandag se skrifgedeelte/wat het jy geleer uit **Genesis 14**?

__________________________________________________________

__________________________________________________________

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | **Ester** | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir God te vra om jou te help om meer vrygewig te wees.

# Dag 17: Abram en die verbond

Kies 'n stil plek, weg van ander mense om nou jou tyd saam met God te spandeer. Fokus jou gedagtes op God wat groot en baie liefdevol is. Hy bestaan al van ewigheid af. Omdat God altyd dieselfde bly, staan al die beloftes wat Hy van ouds af vir Sy kinders gemaak het, vandag nog vas. God se beloftes vir Sy kinders is geldig vir AL Sy kinders.

*Het jy al 'n belofte verbreek? Vertel kortliks teenoor wie en waarom?*



1. Vra vir Heilige Gees om jou van iets nuuts in die Woord bewus te maak soos wat jy deur die verse gaan lees.

2. Lees **Genesis 15** hardop vir iemand as jy kan. Moenie te vinnig lees nie. Stop en dink oor 'n vers. Verbeel jou jy sien elke persoon soos die verhaal afspeel.

3. Skryf woorde in die sirkels wat vir jou uitstaan en sinonieme daarby waar jy kan.



4. Is daar 'n vers wat met jou hart praat? Skryf dit neer.

5. Is daar iets wat jy nie verstaan nie? Of oor wonder? Noem dit hier.

6. Teken enige deel van die verhaal wat jy gelees het met byskifte.

*God het vir Abram <u>belowe</u> dat Hy hom 'n baie groot nageslag gaan gee, al het hy en Sarai op daardie oomblik nog nie 'n kindertjies gehad nie. Abram was op hierdie tyd byna 86 jaar oud. Maar God belowe hom dat hy nogsteeds kinders sal hê.*

7. Hoe oud is jou oupa's en jou pa op die oomblik?

Oupa Oupa

Pa se ouderdom

8. **In vers 6** lees ons wat Abram se reaksie was nadat God hierdie belofte aan hom gemaak het. Vul die ontbrekende woorde in.

Abram het________________________________________ en toe vind God dit goed,

want Abram het ________________________________________________.

Kan jy raaksien dat, wanneer jy met jou hele hart vas glo in God se belofte, Hy dit goedvind.

Want wanneer jy glo dat elkeen van God se beloftes vir jou (in die Bybel) waar is, lewe jy volgens SY wil vir jou lewe.

Die Bybel is propvol beloftes wat God deur die jare aan Sy kinders gemaak het, maar elkeen van daardie beloftes staan vas vir AL SY KINDERS deur geslagte… dit beteken vir jou ook. Dis 'n goeie idee om soos jy deur jou Bybel lees en jy op 'n belofte afkom, dit te merk/onderstreep en jou eie naam daarby te skryf. Hierdeur maak jy die belofte op jouself van toepassing en beleef jy dat God elke belofte vir jou ook gee.

9. Merk sommer klaar die belofte wat God aan Abram gegee het in **Gen 15:1**, met die wete dat God dit ook vir jou sê. Skryf jou naam op die lyntjie.

**God belowe jou: Moenie bang wees nie _____________ Ek beskerm jou!**

Dag 18: **Abram, Sarai en Hagar**

God wil hê dat ons die tyd wat ons aan Hom saam met Hom deurbring geniet en na Hom toe WIL gaan. Wanneer jy eendag voel dat jy liewer nie in jou Kreatiewe Bybel Joernaal wil werk nie en liewer op 'n ander plek in jou Bybel wil lees of net lekker lofprysingsmusiek wil luister, doen dit beslis! Hierdie moet nie 'n wet wees van hoe jy tyd saam met God moet spandeer nie – maar net 'n leiding of hulp. Laat Heilige Gees jou lei, wees altyd eerste gehoorsaam aan Hom.




*Was jy al sleg behandel? Wanneer en hoe het dit jou laat voel?*

1. Nooi Heilige Gees uit in 'n kort gebed om nou saam met jou verder te lees in jou Bybel.

2. Lees **Genesis 16** rustig maar met aandag deur. Dink jou lekker in hierdie gebeure in, wat in Abram se huishouding gebeur het.

3. **Woordontdekking:** Verduidelik wat die onderstaande woorde beteken. As jy nie weet nie, kyk in 'n woordeboek of op die internet vir moontlike sinonieme.

| | |
|---|---|
| Minag (vers 4) | |
| onderwerp (vers 9) | |
| Nageslag (vers10) | |
| Ismael (vers 11) | |
| ontembaar (vers12) | |
| Bloedverwante (v.12) | |



4. Watter vers staan vir jou uit of praat met jou hart?

5. Is daar 'n vraag wat jy wil vra oor die Skrif, nadat jy dit gelees het?

6. Hagar was sleg deur Sarai, haar eienares, behandel. Sy besluit toe om weg te loop. Sy moes deur 'n baie swaar tyd gegaan het deurdat sy gekies het om in die woestyn te gaan ronddwaal! Maar God stuur 'n engel om met Hagar te gaan gesels. Nadat die Engel haar bemoedig het, is Hagar dankbaar teenoor God. Skryf in jou eie woorde wat die rede van haar dankbaarheid was (**vers 13**).

7. Soek en lees die drie Skrifte en noem die kern van dit wat jy daaruit verstaan

| | |
|---|---|
| **Spreuke 15:3** | |
| **Jeremia 23:24** | |
| **Hebreërs 4:13** | |

8. Hoe laat dit jou voel om te besef dat God alles sien wat jy doen?

9. Wat dink jy is die een van die hoof redes hoekom God hierdie storie van Hagar, Sarai en Abram in die Bybel vir ons geplaas het? Wat leer jy vandag hieruit?

10. Sluit af deur vir God dankie te sê vir Sy goeie hart van liefde wat almal op aarde raaksien en hulle help wat na Hom roep.

Dag 19: # Die Verbondsteken

**Refleksie is om terug te dink** aan dié kere waar God jou al gehelp het in jou lewe. Dit kan ook beteken om terug te gaan in jou Kreatiewe Bybel Joernaal om weer die beloftes en waarhede wat jy van God geleer het, vas te lê. Blaai nou deur die eerste 10 dae van hierdie joernaal se dagstukkies en kyk na die dele wat jy geskryf of ingevul het. Lees daardeur en dink aan wat Heilige Gees by elkeen van daardie dae vir jou uitgewys het. Maak dit vas in jou hart.

1. Nooi Heilige Gees uit in 'n kort gebed, om deel van jou Bybelleestyd te wees.
2. Lees **Genesis 17** aandagtig deur vir jouself of vir iemand in die huis.
3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.



______________________________________________



______________________________________________

______________________________________________

4. Voltooi:

**Ek wonder** ______________________________________________

**Ek verstaan nie** ______________________________________________

**Iets nuuts wat ek nie voorheen geweet het nie is dat** ____________________

______________________________________________



5. God praat vir die derde keer met Abram toe Hy _______ jaar oud was. God verseker vir Abram dat dit Hy, **God die Almagtige,** is wat met hom gesels. God gee toe vir Abram 'n opdrag oor <u>hoe</u> om voor Hom te lewe (**vers 1**).

**Abram moet** _________________________ **en** _______________________ **wees.**

6. Voltooi die stamboom van Abram se nageslag.



Sarai — Abram — Hagar

Seuns se name: ______ ______

7. Nadat God die verbond met Abram bevestig het, verander Hy Abram en Sarai se name. Skryf hulle nuwe name neer (**vers 5&15**).

Abram en Sarai → word → __________ en __________

8. Hoekom dink jy het Abraham vir God gelag (**vers 17**)? Dink jy jy sou dalk ook?

______________________________________________

9. **Bybelinligting : voetnota's**

Kyk onder op jou Bybelbladsy. Daar sal jy 'n **'voetnota'** sien met 'n klein lettertjie van die alfabet gewoonlik voor aan (a of b ens.). Hierdie klein lettertjie is gewoonlik **gekoppel aan 'n vers of woord op dieselfde bladsy.** Kyk na **vers 19** waar **Isak**[a] staan en dan onder op jou Bybelbladsy waar dit verduidelik word of meer inligting oor die woord gegee word langs die lettertjie **'a'**.

Isak beteken ______________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek Ontdekking** | Handelinge | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

10. Dank God dat Sy Woorde altyd waar word, al klink dit hoe onmoontlik vir 'n mens.

# Dag 20 Abraham se drie besoekers

**Dis weer tyd vir refleksie.** Blaai deur die laaste nege dae van hierdie joernaal se dagstukkies (dag 11 tot 19) en kyk na die dele wat jy geskryf of ingevul het. Lees daardeur en dink aan wat Heilige Gees by elkeen van daardie dae vir jou uitgewys het. Maak dit vas in jou hart. Kyk ook weer na die stambome hoe God Sy kinders uitgekies het vanuit menigte mense.



Wat kan jou lekker laat lag?

1. Draai na Heilige Gees in gebed en vra Hom om jou te leer terwyl jy verder uit Sy Woord lees.

2. Lees **Genesis 18:1-15** hardop en aandagtig deur. Dink jou lekker in die gebeure in soos wat jy deur die verhaal lees.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan of nuut is vanuit die teksgedeelte.

4. Skryf 'n vers of twee neer wat met jou hart praat.

5. **Ek wonder** ______________________________

6. Toe Abraham lekker onder 'n boom gesit het en opgekyk het, het hy drie mans gesien. Abraham was haastig om hierdie manne te help. Kyk na woorde in die teks wat herhaal word, wat jou vertel dat hy vinnig die besoekers wou versorg en gemaklik maak. (Die woorde kan dieselfde wees of verskil, maar moet 'n persoon beskryf wat haastig of dringend iets doen.)

| Vers 2 | vers 6 | vers 6 | vers 7 | vers 7 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

7. Nadat die mans hulle boodskap aan Abraham vertel het (**vers 10**), het die Here vir Abraham gevra hoekom Sara gelag het. Hy vertel Abraham wat Sara **gedink** het. Wat het God raakgesien wat Sara gedink het? (**vers 13**)



8. Skryf die eerste sin van **vers 14** neer in mooi gekleurde letters.

9. Skryf die kernwaarheid van elke vers in jou eie woorde neer, nadat jy die onderstaande skrifte gelees het.

| | |
|---|---|
| **Matteus 19:26** | |
| **Lukas 1:37** | |
| **Jeremia 32:17** | |

10. Glo jy dat God alles kan doen? Hoe sal dit jou anders laat optree? Bid nou nadat jy weet dat God, wat jou liefhet en binne-in jou bly, jou kan help om in alles te slaag? Hoe laat dit jou voel?



11. Sê vir God dankie dat Hy die grootste en magtigste is van alles en almal. Vertel Hom dat jy dankbaar is om Sy kind te wees. Vertel vir Hom dat jy GLO dat niks vir Hom onmoontlik is nie, selfs al mag dit op die oog af vir mense so lyk.

& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

carien@hencar.co.za

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees.  Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op ‘n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek.  Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke.